VREDENBURG L.S.

NET DIE BESTE GEE VOLDOENING

# Laerskool Vredenburg

*Net die beste gee voldoening*



# *Prospektus*

# Uit die hoof se pen

Die huidige skool bestaan uit meer as ‘n 1000 leerders onder die bekwame leiding van 60 fenominale onderwysers en ondersteuningspersoneel. Ons is ‘n parallelmedium skool wat Afrikaans en Engels as Huistaal aanbied.

Die standaard van ons skool se akademie is ons eerste prioriteit. Die bestuurstruktuur en onderrigprogram is so ontwerp dat elke leerling ten beste daarby baat vind en dat die vlak van onderrig verseker dat ons op die hoë standaarde van ons trotse verlede voortbou.


Hier by Laerskool Vredenburg streef ons daarna, om nie net ons leerders te leer nie, maar om hulle ook holisties te ontwikkel. Ons skool bied vele kulturele en sportgeleenthede aan.

*Mev. Nicoleen Loubser*



# Inhoudsopgawe


| | Bladsy |
|---|---|
| Inhoudsopgawe | 1 |
| Geskiedenis van Laerskool Vredenburg | 2-4 |
| Skoolinligting | 5 |
| Skoolure | 6 |
| Visie en Waardes | 7 |
| Leierspan | 8 |
| Skoolwapen | 9 |
| Koördineerders | 10 |
| Fasiliteite: | 11-15 |
| Klerebank | |
| Biblioteek | |
| Pokkelpensie Snoepwinkel | |
| Swembad | |
| Rekenaarlokaal | |
| Skooluniform, L.O klere, Sportklere | 16-18 |
| Skoollied | 19 |






VREDENBURG L.S.
NET DIE BESTE GEE VOLDOENING

Welkom

# Ons Geskiedenis

Die eerste skool op ons dorp was eintlik ‘n plaasskooltjie en is in 1880 gestig. Daar was ‘n skoolhoof en een onderwyseres en die leerders het nie ‘n skooluniform gedra nie. In 1923 is die eerste hoërskool op Vredenburg gestig. Mnr. J. P. A. Lochner was die eerste skoolhoof van hierdie skool. Die skool het onderrig aan leerders vanaf Graad 1 tot Graad 12 gebied. Daar was nie ‘n saal gewees nie en die leerders het bymekaargekom waar die tuintjie vandag is. Daar is vandag ‘n marmer gedenksteen teen die mediasentrum se muur ter nagedagtenis aan Mnr. Lochner vir sy toegewyde diens aan kinders en die gemeenskap.



In 1972 het Graad 8 tot Graad 12 na ‘n nuwe gebou langsaan geskuif. Die Laerskool Vredenburg en Hoërskool Vredenburg was nou twee aparte skole met elk sy eie skoolhoof. Mnr. W. C. Verster was die eerste skoolhoof van Laerskool Vredenburg. Die Willa Verster-skoolsaal is later na hom vernoem, omdat hy so ‘n uitstaande skoolhoof, leier en opvoeder was.

# Ons Geskiedenis

HOOGTEPUNTE IN DIE GESKIEDENIS
VAN ONS SKOOL

1880: Eerste Regeringskool begin met 5 leerlinge.
1918: Skool sluit weens die griep-epidemie.
1921: Moedertaalonderrig ingevoer van Sub. A – St. 6.
1923: Word Hoërskool (Graad C).
1932: Prof. Blommaert ontwerp die Skoolwapen.
C. J. Langenhoven verander leuse na:
„Net die beste gee voldoening."
1945: C.S.V. word gestig.
1946: Eerste busdiens vanaf Flaminkvlei.
1948: Eerste spesiale klas ingestel.
1949: J. P. A. Lochner skryf en toonset Skoollied.
1956: Invoer van Seekadette.
1961: Skoolgebou herbou tot huidige voorkoms.
1969: Fondament van die nuwe Hoërskoolgebou word gelê.
1971: Skeiding van Laer- en Hoërskool met 906 leerlinge.

## Uitknipsels van 1971 se prysuitdeling

Die laaste prysuideling voordat die hoër- en laerskool geskei is, het plaasgevind op
2 Desember 1971.


KWARTELTJIE 1996
VREDENBURG
LAERSKOOL
PRIMARY SCHOOL
Die kunstenaar gaan, maar sy werk bly voortbestaan
Vredenburg, daar gaan 'n lojale hoof - die enigste Willa Verster


Ons presteer ten spyte van stampe en stote van bo
Leiers 96, Christoff en Mari, sê dankie en totsiens


KWARTELTJIE 1996
VREDENBURG
LAERSKOOL
PRIMARY SCHOOL
Ons bly optimisties oor ons skool
Kinders leer ook lewensvaardighede in Junior Primêr
Al dertig dié kannetjies lê ons ewe na aan die hart


Totsiens!
Kultuur Kaskenades!
No chess mate for Jacques
Pak weg jou esel Van Gogh!
24 Golds brought back from Wes-Boland Eisteddfod
Speak up!
Vredenburg Motors

**'n Voorbeeld van die 1996 Kwarteltjie**
Die Kwarteltjie was die skoolkoerant van die laerskool. Die naam het mettertyd verander na die Windmakertjie. As jy mooi lees, sal jy selfs iemand bekend sien!



Mev. Nicoleen Loubser is op 10 September 2025 as skoolhoof van Laerskool Vredenburg ingehuldig. Sy was 3 jaar lank waarnemende skoolhoof voor sy amptelik as skoolhoof aangestel is.

Mev. Loubser was self 'n leerder van Laerskool Vredenburg van Gr. R tot Gr. 7.

# Geskiedenis Tydlyn

**1880**
Eerste Regeringskool begin met 5 leerlinge.

**1923**
Verander na Hoërskool Vredenburg (gr. 1 – gr.12)

**1932**
Prof. Blommaert ontwerp die skoolwapen.
C.J. Langenhoven verander die leuse na die huidige.

**1949**
J.P.A. Lochner skryf en toonset die skoollied

**1961**
Skoolgebou word herbou.

**1969**
Fondasie vir die nuwe Hoërskool word gelê.

**1971**
Skeiding van Laer- en Hoërskool met 960 leerlinge.

**1974-1976**
Aangesien die seuns van die laerskool- en hoërskoolrugbyspanne almal op die huidige klein rugbyveldjie moes oefen, het ouers en leerders graspolle skool toe gebring en is die huidige rugbyvelde deur harde werk ontwikkel.

**1978**
Die huidige tuintjie tussen die klasse was `n teerblad waar provinsiale dwergtennistoernooie aangebied is. In 1978 word hierdie teerblad deur die leerders self opgekap, om plek te maak vir `n pragtige tuin wat deur een van die ouers uitgelê is. In hierdie tyd word die biblioteek ook gebou.

**1980**
Die swembad word gebou teen `n koste van R118 000.

**1986**
Die klubhuis word gebou en kry die naam van Mooimeisiesfontein.
Mooimeisiesfontein was `n vissersboot van St Helenabaai wat gesink het.
Die naambord en stuur word aan die Laerskool geskenk en kry `n laaste rusplek in die nuwe sportklubhuis.

**1988**
`n Rekenaarklas word ingerig. `n Eerste vir die platteland!

**1996**
Mnr. W.C. Verster tree af en Mnr. A. Müller word die nuwe skoolhoof. Daar is 'n 1 000 leerders in die skool.

**2022**
**Die** skool vier sy 50ste bestaansjaar. 'n Gala-aand word gehou op 11 Junie 2022 te Togryersvlei.
Mnr. en Mev. Müller tree af in Junie 2022.

**2025**
Mev. Nicoleen Loubser word amptelik aangestel as skoolhoof van Laerskool Vredenburg.

# Skoolinligting

Skoolstraat 1, Vredenburg, 7380
www.vredenburgls.co.za
Laerskool Vredenburg Primary School
laerskool_vredenburg

## ONTVANGS

Maandag – Donderdag 7:00 tot 15:30
Vrydag 7:00 tot 14:30

(022) 713 1161
vredenburgls@mweb.co.za



Mev. Marcelle Greef
(Sekretaresse)



Mev. Lorette Engelbrecht
(Ontvangs)

## FINANSIES

Maandag- Donderdag 7:00 tot 15:30
Vrydag 7:00 tot 14:30



Mev. Marida le Roux
(Finansiële Beampte)



Mev. René Rossouw
(Debiteure Klerk)

### BANK BESONDERHEDE

Naam van rekening: Laerskool Vredenburg Primary
Naam van bank: ABSA
Rekeningnommer: 1300490014
Naam van tak: 632005
Verwysing: Leerder se verwysingsnommer



# Skoolure

| | |
|---|---|
| **GRAAD R** | |
| **Maandag tot Vrydag:** | 07:45 -13:00 |
| **GRAAD 1** | |
| **Maandag en Woensdag:** | 07:45 -13:00 |
| **Dinsdag en Donderdag:** | **07:45 – 13:45** |
| **Vrydag:** | 07:45 -13:15 |
| **GRAAD 2** | |
| **Maandag en Woensdag:** | **07:45 -13:45** |
| **Dinsdag en Donderdag:** | 07:45 - 13:00 |
| **Vrydag:** | 07:45 - 13:15 |
| **GRAAD 3** | |
| **Maandag tot Donderdag:** | 07:45–14:00 |
| **Vrydag:** | 07:45–13:15 |
| **GRAAD 4 – 7** | |
| **Maandag tot Donderdag:** | 07:45–14:15 |
| **Vrydag:** | 07:45–13:30 |

# Buitemuurs

**Maandae –Donderdae**

14:30 - 16:00

Verskillende sportkodes word op verskillende dae ingedeel om deelname aan meer as een kode te akkommodeer

# Visie en Waardes

## Ons visie

Ons is verbind tot uitnemende onderwys met morele waardes en beginsels sodat elke leerder holisties ontwikkel.

## Ons leuse

'Net die beste gee voldoening'
Ons leuse motiveer elke leerder om elke dag sy/haar beste te lewer.

## Ons waardes



**SELFVERTROUE**
Ek is uniek



**RESPEK**
Vir ander en myself



**INTEGRITEIT**
My woord is my eer



**VOORTREFLIKHEID**
Elke dag my beste



**BETROKKENHEID**
Omgee vir my medemens en omgewing

# Leierspan



Mev. Nicoleen Loubser
**Skoolhoof**



Mnr. JP Herselman
**Adjunkhoof**



Mev. Marietjie Bal
**Waarnemende Adjunkhoof**

## DEPARTEMENTSHOOFDE



Me. Mari Sinclair
**Graad 1**



Mev. Sonika Meyer
**Graad 2**



Mev. Marietjie Bal
**Graad 3**



Mev. Maryné Chapman
**Graad 4**



Mnr. Derick du Toit
**Graad 5**



Mev. Amoré van Aardt
**Graad 6**



Mnr. JP Herselman
**Graad 7**

# Die skoolwapen

## Heraldiese Beskrywing

**Ontwerp deur Prof. Blommaert 1932**

### Voorstelling

Die hoofkomponent van die omgewing waarin die Vredenburgse gemeenskap se skool geplant is en hom voed, naamlik die *see* en *saaiboerdery*. Daarom die kleure *blou* en *goud*.




### Simboliek

Die blou see met branders en die karveel simboliseer welvaart – veral geestelike welvaart.

### Simboliek

Die *drie geelrype koringgerwe* simboliseer die volmaakte wasdom wat uit groei voorkom. Groei kan net volmaakte wasdom bring wanneer dit gebalanseerd en gereeld of gedissiplineerd beoefen word.

### Die Leuse

Wanneer groei korrek en gebalanseerd plaasvind, kom volmaakte wasdom en veroorsaak geestelike welvaart, waaruit bevrediging en vreugde voorvloei – soos in die leuse saamgevat.

# Koördineerders

| SPORTKODE | KOÖRDINEERDER |
|---|---|
| **Swem, Tweekamp & Landloop** | Francois Langenhoven |
| **Atletiek** | Henriko van Heerden |
| **Tennis** | Liané Wiehahn |
| **Krieket** | André van Zyl |
| **Mini-krieket** | Mari Sinclair |
| **Netbal** | Talitha Blom |
| **Rugby** | Kobus Boonzaaier |
| **Hokkie** | Gideon Rossouw |
| **Juniorkoor** | Liezl Nel |
| **Seniorkoor** | June de Kock |
| **Musiek** | Ina van Zyl |
| **Skolierpatrollie** | Derick du Toit |
| **Biblioteek** | Maatje Garvie |
| **VCSV** | Mirelle Bannink |
| **Eko-Klub** | Mareli Marais & Zelize Hanekom |

# Fasiliteite

Skoolklere beskikbaar by

## Klerebank

Vrydae: 12:00 - 14:00

Maatje Garvie






### PRYSLYS

| | |
|---|---|
| Skoolrokkie | R50 |
| Wit skoolhempie | R25 |
| Grys langbroek. | R30 |
| Grys kortbroek | R25 |
| Skooltrui | R30 |
| Moulose oortrektrui | R25 |
| Sweetpak-stel | R100 |
| Sweetpakbaadjie | R50 |
| Sweetpakbroek | R50 |
| Reënbaadjie | R50 |
| Wit sporthempie | R25 |
| Blou atletiekhempie | R25 |
| Blou atletiekbroekie | R25 |
| Rugbybroekie | R25 |
| Netbalrompie | R30 |
| Kriekethoed | R150 |
| Sportpet | R25 |
| Sportsak | R25 |
| Skoolskoene | R50 |

# Biblioteek

Maandag - Vrydag: Pouses


Maandag & Woensdag: 14:15 tot 15:00

Die Biblioteek van Laerskool Vredenburg is 'n inspirerende ruimte waar leerders 'n liefde vir lees en stories ontwikkel.
Graad 1–3-leerders besoek die biblioteek weekliks, waar hulle na 'n storie luister en die wonder van boeke ontdek. Intermediêre- en Seniorfaseleerders kan uit 'n groot verskeidenheid boeke kies, terwyl ywerige lesers pouse boeke kan omruil.

Ons biblioteek bied vir elke leerder die geleentheid om nuwe wêrelde te ontdek, kennis uit te brei en 'n lewenslange liefde vir lees te kweek.





*The more that you read, the more things you will know.*
*The more that you learn, the more places you'll go."*
*- Dr Seuss*

# Pokkelpensie Snoepwinkel

**Heerlike vars kos en lekkernye**

Yolandi – 073 648 4380

Maandag tot Vrydag:

1ste pouse & 2 de pouse

***Heerlike warm kos elke dag beskikbaar. Pryse van middag ete wissel volgens wat op die spyskaart is vir die dag. Van hoenderburgers, slaptjips, toasties, pizzas ens.***

Ons aanvaar die volgende betaalmetodes:

- Kontant
- Alle bankkaarte








# Swembad

By Laerskool Vredenburg geniet leerders gedurende die somer swem as deel van ons LO- en somersportprogram.

Swem word as een van ons somersporte aan Graad R tot Graad 7 aangebied, waar elke leerder die geleentheid kry om vaardighede te ontwikkel en selfvertroue in die water te bou. Ons bied ook gereeld swemgalas aan waar leerders hul talente kan wys en die sport in 'n prettige, opwindende atmosfeer kan geniet.







# Rekenaarlokaal

Ons Rekenaarlokaal bied aan Graad 3-leerders die geleentheid om hul digitale vaardighede op 'n prettige en interaktiewe manier te ontwikkel. Deur ouderdomsgepaste programme en aktiwiteite bou hulle selfvertroue met tegnologie en lê hulle 'n sterk grondslag vir die toekoms.









# Skooluniform

## SEUNS

**SOMERSDRAG**

Wit kortmouhemp met oopslaankraag en grys kortbroek.

Grys sokkies met swart skoolskoene of kaalvoet.

L.O Klere

Wit sokkies met tekkies, kaalvoet of skoolplakkies



Slegs skool-plakkies word toegelaat.





**WINTERSDRAG**

Wit kraaghemp met grys broek.

Grys sokkies met swart skoolskoene.

Volle skoolsweetpak met wit sokkies en tekkies.



Slegs skoolserp en mussie word toegelaat.

## DOGTERS

**SOMERSDRAG**

Skoolrok en wit kortmouhemp met oopslaankraag.

Wit sokkies met swart skoolskoene of kaalvoet.

L.O klere

Wit sokkies met tekkies, kaalvoet of skoolplakkies.





**WINTERSDRAG**

Skoolrok met wit kraaghemp.

Kort wit sokkies of grys lang sokkies met swart skoolskoene.

Volle skoolsweetpak met wit sokkies en tekkies.

# LO - Klere

Wit LO-hempie met blou quantex broekie.





Skoolskoene is verpligtend in die winter.
Slegs tekkies word by sweetpakke gedra.
Geen truie word saam met sweetpakke gedra nie.

## Swem



SWEMGALA:

Blou of swart swembroek

Swembril

LSV swempet

## Hokkie



WEDSTRYDE:

Wit LO hempie en blou LO broekie

Rooi hokkiesokkies

Mondskerm

Skeenbeskermers

## Tennis



WEDSTRYDE:

Hempie word deur die skool voorsien.

# Sportklere

## Rugby



WEDSTRYDE:

Navy Rugby kortbroek met wit LO-hempie. Rugbytruie word deur die skool voorsien.

## Netbal




WEDSTRYDE:

Rooi netbalrompie met wit LO-hempie. Kort wit sokkies en tekkies.

## Atletiek



WEDSTRYDE:

Klere word deur die skool voorsien.

## Krieket





WEDSTRYDE:

Vlootblou LO broekie en rooi sokkies. Hempie word deur die skool voorsien.

**Mini-krieket**

LO Klere met wit sokkies en tekkies

# Skoollied

**J.P.A. Lochner skryf en toonset die Skoollied in 1949**

Op die uithoek van die agterbaai
Waar die blou see ons omring
Waar die goue graan ons lande dek
Die natuur sy weelde bring
Pryk die skool wat al ons kinders leer
En ons volk ń diens bewys
Want die brein en siel en liggaam gee
Wat ń nasie ook al eis
Net die beste gee voldoening
Waar ń oog op ons sal sien
Want ons doel in al ons strewe
Is om land en volk te dien

